



LAERSKOOL DALVIEW

Gekontroleerde Toets

Distrik D5: Gauteng-Oos

Vak: Afrikaans Huistaal

Graad 4.

Taak 5

EKSAMINATOR: ME. A. CILLIERS **OVER HANDTEKENING** _____

MODERATOR: ME. Z. GROBLER: _____

DATUM: 20 MEI 2024

TOTAAL: 40 PUNTE

TYD: 60 MIN

Naam en van: _____ **Gr.** _____

Instruksies.

1. Lees elke vraag deeglik deur voordat jy dit beantwoord.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Skryf met 'n blou pen en beantwoord al die vrae

Hierdie vraestel bestaan uit 4 vrae

<u>Vraag</u>	<u>Inhoud van die vraag</u>	<u>Totaal van vraag</u>	<u>Punte behaal in vraag</u>	<u>Prestasie standaard</u>
Vraag: 1	Begripstoets	15		
Vraag :2	Visuele teks	10		
Vraag: 3	Opsomming (Reeds vooraf gedoen)	5		
Vraag: 4	Taalstrukture en konvensies. Soorte sinne, werkwoorde, antonieme, Sininieme, ontleding van sinne, idiome, Homonieme, homofone, voorsetsels, hoofletters en leestekens	15		
	Totaal: :	40		



LAERSKOOL DALVIEW
VAK: Afrikaans Huistaal - Gr.4
Distrik D5: Gauteng- Oos

Formele assessering: Gekontroleerde toets
Taak 5

OPSTELLER: ME. A. CILLIERS

MODERATOR: ME. Z. GROBLER:

DATUM: 20 MEI 2024

TYDSDUUR: 60 MINUTE

OUER HANDTEKENING: _____

PUNTE: VRAAG 1: ____/15

VRAAG 2: ____/10

VRAAG 3: ____/ (REEDS GEDOEN)

VRAAG 4: ____/10

Naam en Van : _____

Gr. _____


Vraag 1: Begripstoets. (15 punte)

Lees die volgende leesstuk deur en beantwoord die vrae.

Olimpiese spele 2024

1. Die **Olimpiese Spele** word as een van die wêreld se grootste en
2. belangrikste sportgebeurtenisse beskou. Die eerste antieke Olimpiese
3. Spele het in 776 v.C. in Olimpië in Griekeland plaasgevind. Die volgende
4. Olimpiese Spele (Somerspele) word van 26 Julie tot 11 Augustus 2024
5. in Parys, Frankryk, aangebied, waar daar in twee en dertig
6. sportsoorte meeding sal word.
7. Die olyfboom is die wêreldwye simbool van oorwinning, vrede
8. en reinheid. In die eerste Olimpiese Spele was die olyfkrans op die
9. kop van die weners geplaas.
10. Die eerste baannommer was 'n enkele wedloop oor 'n afstand van
11. sowat 192 m (die grootte van die mitologiese god Hercules – Zeus se
12. seun – se voete). Dié wedloop is 'n "stade" genoem en dís waar ons
13. die naam stadion vandaan kry. 'n Kok (of sjef) genaamd Coroebus was
14. volgens oorlewering die heel eerste Olimpiese kampioen in die item.
15. Die moderne weergawe van die Olimpiese Spele het in 1896 afgeskop.

16. 'n Paar maande voor die openingseremonie van die spesifieke
 17. Olimpiese Spele word 'n vlam by Olimpië in Griekeland aangesteek.
 18. Van daar word dit vir 'n aantal weke in 'n afloswedloop na die
 19. gasheerstad gedra, hetsy per voet of met 'n ander vervoermiddel.
20. 'n Paar van die sportsoorte by die spele is: atletiek, basketbal, boks,
 21. boogskiet, driekamp, fietsry, swem, gewigoptel, gholf, gimnastiek,
 22. hokkie, kanovaart, pluimbal, roei, ruitersport, sagtebal, seil,
 23. sewesrugby, sierduik, skerm, skyfskiet, sokker, stoei, swem en
 24. tafeltennis.
25. Die Olimpiese Spele vind elke 4de jaar plaas, en na vanjaar se spele sal
 26. die volgende spele in 2028 in Los Angeles in Amerika wees.



Vrae:

1. Watter sportgebeurtenis is die grootste in die wêreld?
 _____ (1)
2. Waar was die eerste Olimpiese Spele gehou?
 _____ (1)
3. Waar vind die 2024 Olimpiese Spele plaas?
 _____ (1)
4. Wat was die prys by die eerste Olimpiese Spele?
 _____ (1)

5. Noem enige drie sportsoorte wat deel is van die Olimpiese Spele.

(3)

6. Elke hoeveel jaar word die Olimpiese Spele gehou?

_____ (1)

7. Hoekom dink jy was die Olimpiese Spele nog nooit in Suid-Afrika gehou nie?

_____ (1)

8. Waar gaan die Olimpiese Spele in 2028 gehou word?

_____ (1)

9. **Haal 'n woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:**

9.1 As jy eerste oor die wenstreep hardloop is jy die _____ (1)

9.2 Sport waar twee mense mekaar slaan _____ (1)

9.3 365 dae is ook gelyk aan _____ jaar (1)

10. **Dui aan of die volgende stelling waar of onwaar is:**

10.1 Suid- Afrika neem deel aan die Olimpiese Spele. _____ (1)

10.2 Die moderne Olimpiese Spele het in 1908 afgeskop. _____ (1)

Totaal:15

Vraag 2: Visuele teks

Kyk na die volgende prente en beantwoord die vrae: (10)



1. Noem enige twee van die karakters in die spotprent?

(2)


2. Is die pa tevrede met sy seun se rapport, hoekom sê jy so?

(2)

3. Wat is die seun se verskoning vir sy swak punte?

(1)

Kyk na die volgende plakkaat en beantwoord dan die vrae.



4. Wat word op die plakkaat uitgebeeld?

_____ (1)

5. Skryf een van die klasreëls neer.

_____ (1)

6. Vir watter graad dink jy is die plakkaat? Hoekom sê jy so?

_____ (2)

7. Hoekom dink jy is klasreëls in 'n klas nodig?

_____ (1)

Totaal: ____10

Vraag 3: Opsomming (Reeds gedoen) (5 punte)

Vraag 4: Taalstrukture en konvensies in konteks. (10 punte)

1. Lees die volgende sin uit reël 15 en haal **werkwoorde** uit die sin.

(Reël 15) – Die moderne weergawe van die Olimpiese Spele het in 1896 afgeskop.


_____ (1)

2. Plaas die korrekte **voorsetsels** in die sinne.

a. Ons reis _____ bus na die atletiek. (1)

b. Ek stap _____ voet skool toe. (1)

3. Ontleed die volgende sin:



Die grys kat drink die melk.

Onderwerp: _____ (1)

Gesegde: _____ (1)

Voorwerp: _____ (1)

4. Gee die betekenis van die volgende idoom.

Dit is op almal se lippe



_____ (1)

5. Homonieme: Gebruik die woord “vertrek” in twee verskillende sinne om die betekenis te verduidelik.

vertrek: _____

_____ (1)

vertrek: _____

_____ (1)

6. Skryf die volgende sin oor in ontkenningvorm.

Daar is iemand in die donker huis.

_____ (1)

Totaal: 10